

Die sewende trompet: Die sigbare verbondsark (OP3)

Openbaring 11:15-19

2 Augustus 2020

Die afgelope twee weke het ons stil gestaan by die twee visioene wat Johannes gesien het na hy die blaas van die sesde trompet beskryf het. Kan ek jou herinner aan 'n paar dinge wat ons tot dusver gesien het:

- Die fokus tydens die eerste 6 trompette was op die ongelowiges, en spesifiek dat God oordele stuur om hulle te waarsku hulle moet hulle bekeer. Hierdie oordele is beskryf in die vorm van plaë, soos wat Egipte destyds getref het.
- Trompette 5 en 6 het juis die sin uit die lewe gehaal vir hierdie ongelowiges – en dit alles is bereik onder die aanvoering van die Satan self, wat natuurlik deur Jesus toegelaat is om dit te doen.
- Intussen het God die gelowiges aangespoor hulle moet die Woord eet, beide die soet en die bitter daarvan, en hulle moet getuig – reg tot met die einde toe.
- Johannes het ook geleer die einde kom met die blaas van die sewende trompet, wanneer God Sy verborge bedoeling met alles sal bereik.

Vanoggend kom ons by die sewende trompet. Volgens die indelings van meeste Bybelvertalings word dit beskryf in Op 11:15-19. Nou, ek het al verskeie male die opmerking gemaak dat wanneer die sewende trompet gaan blaas, bereik ons die finale oordeel. Die realiteit is egter dat dit amper na 'n antiklimaks lyk as jy hierdie paar verse lees. Van die 5 verse, word 4 gewy aan 'n lied in die hemel en 'n gebed van die 24 ouderlinge. Baie het al geredeneer hierdie verse beskryf nie die einde van alles nie. Sommige reken dat hierdie verse is bloot 'n oorgang na hoofstukke 12-14, wat op hulle beurt die sewe bakke inlei – wat uiteindelik die finale oordeel beskryf. Ander redeneer selfs hierdie verse lei net hoofstukke 12-21 in, wat dan die finale oordeel beskryf.

Maar let op die volgende:

- Volgens Op 8:13, word die laaste 3 trompette geassosieer met 3 wee's. Volgens Op 9:12 was die vyfde trompet die eerste wee, en volgens Op 11:14 was die sesde trompet, saam met die klein boekie en twee getuies visioene, die tweede wee. Logies moet nou volg dat die sewende trompet die derde wee moet wees – al staan dit nie letterlik in die verse nie.
- Onthou wat Op 10:7 gesê het: Wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, gaan God Sy verborge doel met alles bereik, d.w.s. dit is die einde. In hierdie verse blaas die sewende engel, en daarom is dit 'n beskrywing van die einde.
- Onthou ook dat daar 'n ooreenstemmende beskrywing voorkom wat die oopmaak van die 7de seël, die blaas van die 7de trompet, en die uitgooi van die 7de bak karakteriseer: “daar het weerligstrale, dreunings, donderslae en 'n aardbewing gekom” – vgl Op 8:5, 11:19 en 16:8)

Hierdie is 'n beskrywing van die finale eindtyd, insluitende die finale oordeel. Miskien nie in detail nie – maar dit sal wel volg soos wat ons in die boek vorder.

Hemelse stemmekoor (vers 15)

Volgens vers 15 het die blaas van die 7de trompet gepaard gegaan met 'n hemelse stemmekoor. Dis nie presies duidelik wie se stemme dit was nie – kan moontlik die engeleskare in die hemel wees. Die

inhoud van hulle lied is dat die koninkryke van die wêreld nou die Here en Sy Gesalfde s'n geword het, en dat Hy voortaan daarvoor sal heers tot in ewigheid.

Kom ons dink oor die wêreldkoninkryke wat nou God s'n word. Nou, ons het al herhaalde male klem daarop gelê dat Jesus tydens Sy hemelvaart aan die regterhand van God gaan sit het, en dat aan Hom alle gesag gegee is. Hoe is dit dan nou dat eers met die 7de trompet die wêreldkoninkryke ook Syne word? Wel, natuurlik is Jesus reeds soewerein in beheer. Maar ons het tog ook gelees van die ster wat uit die hemel geval het, i.e. Satan/Apollion/Abaddon wat nog 'n rol speel. Ja, die Satan het nie vrye teuels nie, hy mag maar bloot doen wat Jesus hom toelaat om te doen, maar het steeds 'n invloed. Dit kom egter nou tot 'n einde. Die Satan en al sy medewerkers word finaal geoordeel, en sal voortaan geen rol speel nie.

Voortaan sal "Hy" as koning heers vir ewig, volgens vers 15. Wie is die "Hy"? Dit moet tog sekerlik of die Here, d.w.s. die Vader, wees of die Gesalfde, d.w.s. die Seun. Wel dit is nie hier so duidelik nie. Lees 1 Kor 15:24-28. Dit blyk uit hierdie gedeelte dat die Christus aan die einde wanneer al die vyande vernietig is, die koningskap aan die Vader oordra. En dan moet ons dus die gevolgtrekking maak dat die "Hy" in vers 15 die Vader is.

Aanbidding van die 24 ouderlinge (vers 16-18)

In verse 16-18 lees ons die 24 ouderlinge het gekniel met hulle gesigte na die grond toe, en toe tot God gebid. Die verse beskryf dan die inhoud van hierdie gebed.

- In vers 16 dank hulle God dat Hy nou Sy mag geneem het en as koning begin heers het (sien NIV en ESV vertalings vir die insluit van "begin") – wat baie ooreenstem met die lied van die stemmekeer. Weereens, dit beteken nie God was nie in beheer tot nou toe nie – dit was immers juis die Lam wat die seëls van God se boekrol oopgemaak het. Maar nou is dit die finale einde van die wat teen God gestaan het. Hy het die mag gehad om hulle in 'n oogwink te oorwin, maar Hy het dit uitgestel tot nou toe. Voortaan sal Hy heers sonder enige betrokkenheid van hulle.
- Let ook op hoe God beskryf word: "die Almagtige, wat is en wat was". Ons het alreeds op 3 plekke in Openbaring gelees dat God beskryf word as die Een wat was, en wat is en wat sal kom – Op 1:4,8 en 4:8. Maar nou word die "wat kom" weggelaat. (Let op, die OAV sluit dit in – maar meeste ander vertalings nie, en die beter manuskripte sluit dit ook nie in nie.) Die rede hiervoor is dat Hy nou reeds gekom het. Jesus het met die blaas van die sewende trompet reeds gekom, die vyand is vernietig, Hy heers nou direk oor alles en almal. Daar is geen element van die volheid van Sy heerskappy wat nog verder sal realiseer nie – nooit weer tot in ewigheid nie!
- In vers 18 leer ons wel van die finale oordeel uit die inhoud van die gebed van die 24 ouderlinge. Ons lees dat die nasies wat nou onder God se oordeel is, woedend is. Hoekom? Wel, dis nou vir hulle duidelik – hulle het verloor, hulle het die waarheid en die sin van die lewe gemis, hulle kan nou net oordeel verwag. Hulle is waarskynlik woedend vir hulleself, en vir die Satan wat hulle mislei het. Ons lees ook dat die tyd vir die oordeel van die dooies aangebreek het. Natuurlik is hulle dood – nie soseer fisies nie, maar geestelik. En nou gaan hulle die noodwendige oordeel ontvang. Hulle het die aarde vernietig, en nou gaan hulle ook vernietig word. Daar word soms geredeneer dat God onregverdig is om die ongelowiges te oordeel en die ewige dood in te stuur. Let egter op hoe regverdig God se oordeel is: Hy het Sy Seun gestuur om geregtigheid te bewerk vir alle mense, al wat hulle moes doen is om te erken hulle is sondig en hulle vertrou in Hom gestel het – maar hulle het nie. Boonop het God Sy getuies na hulle gestuur om hulle te waarsku. Die getuies was behoorlik toegerus om

‘n waarheidsboodskap aan hulle te bring, en kon selfs bid dat God oordele moet stuur om hulle te konfronteer. Maar i.p.v. om ag te slaan op die oordele, het hulle onbekeerd voortgegaan. I.p.v. om te luister na die getuies, het hulle hulle doodgemaak. En boonop het hulle nog God se aarde ook vernietig. God se oordeel oor hulle pas by hulle oortreding: Hulle het Jesus verwerp, nou verwerp God hulle. Hulle het God se getuies doodgemaak, nou maak God hulle dood. Hulle het God se aarde vernietig, nou vernietig God hulle. Die straf pas by die oortreding.

- Daarteenoor, lees ons in vers 18, ontvang die gelowiges hulle loon. Let op hoe word die gelowiges beskryf: dienaars/diensknegte (bond servants), profete (oftewel die getuies), gelowiges (letterlik heiliges), die wat U Naam vrees (soos die 24 ouderlinge wat op hulle gesigte voor God se troon is), klein en groot (d.w.s. almal, belangrik, onbelangrik, oud en jonk, alle stamme, tale en nasies – trouens almal wat gemerk is met die seël van die lewende God, wat gemeet is as deel van die tempel). Hulle ontvang hulle loon. Dit sluit sekerlik hulle heerlikmaking in – soos wat ons nou verder sal sien – d.w.s. die finale afhandeling van hulle verlossing en gepaardgaande seëninge. Maar dit gaan ook verder. Daar is ook hulle toekomstige verantwoordelikhede wat toegeken sal word.

Oop hemelse tempel met die sigbare verbondsark (vers 19)

Vers 19 maak die stelling dat God se hemelse tempel toe oopgegaan het, en die verbondsark het sigbaar geword. Dit is doodeenvoudig aangrypend. Kom ons probeer om te verstaan wat die betekenis hiervan is.

Dink aan die Ou Testamentiese tabernakel. Dit het uit drie dele bestaan: (1) Voorhof – in die voorhof was die brandofferaltaar waarop die offers gebring is, asook die waskom, waarin die priesters hulleself moes was, voor hulle diens mog gaan doen in die Heilige (2) Heilige – hier was die kandelaar, wat gereeld deur die priesters versorg moes word om lig te gee. Hier was ook die tafel met die toonbrode, wat weekliks vervang moes word, en wat die priesters mog eet. En ook die wierookaltaar, waarop gereelde offers gebring moes word – waarvan die wierook deur die voorhangsel getrek het tot in die Allerheiligste (3) Allerheiligste – dit is waar die verbondsark gestaan het. Ons het al baie keer gesê dit was die voetbank van God se troon. Die Allerheiligste en die verbondsark was egter bedek agter die voorhangsel. Net die hoëpriester mog daar ingaan, net eenmaal per jaar. M.a.w. net die hoëpriester het die verbondsark gesien. Vir die res van die priesters en die volk was dit verborge.

Laasjaar het ek in ‘n preek die simboliek van die tabernakel verduidelik in terme van die geloofspad wat die gelowige loop. In kort kom dit op die volgende neer:

- Regverdigmaking word afgebeeld deur die handeling in die voorhof. Dis hier wat die offers gebring is, wat natuurlik na Jesus se offer wys. Dis hier wat die priesters hulle in die waskom moet was voor hulle in die Heilige ingaan. Regverdigmaking is om Jesus as jou Verlosser (d.w.s. offer vir jou sonde) te aanvaar en skoon gewas te word in Sy bloed. Dis hoe elke gelowige ‘n priester word, wat nou mag diens doen in die Heilige.
- Heiligmaking word afgebeeld deur die handeling in die Heilige. Dis hier wat die toonbrode is, wat die priesters mag eet. Dis wat die bekeerde gelowige moet doen – hy moet God se brood eet, hy moet die Woord eet – hy moet die klein boekie eet. Dis ook hier wat die lampstaander staan wat lig moet gee. Dis wat die bekeerde gelowige moet doen – hy moet self in God se lig wandel, en hy moet God se lig laat skyn – hy is deel van die twee getuies. Dis ook hier wat die wierookofferaltaar staan. Dis wat die bekeerde gelowige moet doen – hy moet voortdurend in gebed voor God wees, enersyds om God te verheerlik (soos die 24

ouderlinge hier doen), en andersyds bid hy vir die uitwerk van God se plan – dit werk mee tot die blaas van die trompette.

- Heerlikmaking word afgebeeld deur die handeling in die Allerheiligste. Die Allerheiligste was agter die voorhangsel. Selfs die priesters wat diens doen in die Heilige mog nie daar ingaan nie – hulle mog dit nie eers sien nie. Net die hoëpriester mog daarin gaan. Net eenmaal 'n jaar met wierook en bloed!

Wie is die ware Hoëpriester? Natuurlik, Jesus. Onthou jy wat Heb 10:19 sê? Jesus het 'n nuwe lewende weg vir ons gebaan. Hierdie weg wat Hy vir ons gebaan het, is verby die brandofferaltaar (waar Hy die offer was), verby die waskom (waar Sy bloed die gelowige skoon was), verby die tafel met die toonbrode (Hy is die ware brood), verby die lampstaander (Hy is die Lig vir die wêreld), verby die wierookaltaar (Hy tree vir ons in by die Vader) tot in die Allerheiligste, waar Sy bloed eenmalig gesprinkel is op die versoendeksel. Dit het al alles gebeur met Jesus se eerste koms.

Sedertdien werk die priesters, dus die gelowiges, in die Heilige. Vir 1260 dae lank, oftewel vir tyd, tye en 'n halwe tyd. Hulle groei persoonlik in heiligheid en onberispelikheid. Maar hulle moet ook getuig, sodat nog meer mense langs die weg deur die voorhof tot in die Heilige mag kom. Sommiges van die priesters gaan selfs dood. Wat gebeur dan met hulle? Hulle siele is onder die altaar (Op 6:9) – ons het gesê dis die wierookaltaar. Waar is die wierookaltaar? Net voor die voorhangsel. Is hulle al deur die voorhangsel? Nee! Hulle wag nog vir die medegelowiges! Die ander getuies op aarde moet nog getuig sodat almal kan inkom. Intussen wag die afgestorwe heiliges. Die op aarde eet nog van die brood, versorg die lampe, bring wierookoffers.

En dan eendag, het hulle klaar getuig – Op 11:7. Dit lyk vir 'n oomblik of hulle doodgemaak is, of die Satan oorwin het, of die kerk dood is. Maar dan....dan word hulle lewendig....hulle staan op....en dan is daar 'n harde stem uit die hemel wat roep: Kom op hierheen! (Op 11:12). En wat wag vir hulle as hulle opkom hemel toe? In die hemel staan God se tempel oop! En hulle, saam met die wat al gesterf het, sien die verbondsark! Nog nooit tevore mog iemand dit sien behalwe die hoëpriester nie! Nou is alles gereed om wel die Allerheiligste in te gaan. Hulle kan hulle loon ontvang – dit is, hulle heerlikmaking. Nou kan hulle by God wees, direk in Sy teenwoordigheid om Sy troon!

Wat het die ware Hoëpriester wat al sedert Sy eerste koms deur die voorhangsel gegaan het, intussen gedoen? Lees Heb 10:11-13. Hy het gewag tot Sy vyande onderwerp is. Nou met die blaas van die sewende trompet, is hulle aan Hom onderwerp. Nou regeer Hy sonder hulle invloed. Die onheiliges is geëlimineer, hulle is vernietig. Nou mag die verbondsark sigbaar gemaak word – die onheiliges is weg, al die getroue getuies, al die dienaars, al die heiliges, almal wat God se Naam vrees, groot en klein mag dit sien. Hulle kom ontvang hulle loon. Hulle loon is hulle heerlikmaking!

In 'n sekere sin is die grootste deel van die tempel oorbodig: Jesus het die eenmalige offer gebring. Al die gelowiges het Hom aanvaar hulle Verlosser – die brandofferaltaar is nie meer nodig nie. Die gelowiges is almal gewas in Sy bloed – die was kom is nie meer nodig nie. Die getuienistaak van die gelowiges is voltooi – die kandelaar en die tafel met die toonbrode is nie meer nodig nie. Dit lyk my net twee bly oor: die wierookaltaar, want sien ons het herhaalde male gelees hoe die 24 ouderlinge God aanbid en loof en prys (kyk maar net na vers 16) en die verbondsark – die setel van God se troon – en die gelowiges mag Hom sien soos Hy werklik is! Ek wonder, is dit dalk hoekom die Hebreërs kryger die wierookaltaar tot binne die Allerheiligste geskuif het? (Heb 9:4)